# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

7/2026 (Skippertjie nr. 57) 27 Februarie 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Opedag
2. Pretstap
3. Atletiek
4. Buitemuurs
5. Swem
6. D6-toepassing
7. Krieket
8. Tennis
9. Personeelverjaardae
10. Lojaliteitsprogramme
11. Skoolfonds vir 2026

***"You must take personal responsibility. You cannot change the circumstances, but you can change yourself."***

**Afrikaanse idioom van die week**

**Iemand se been trek:**

'n Grap maak met iemand.

**2026 SKOOLKWARTALE**

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart
**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Verantwoordelikheid:** Ons het hierdie week met 'n nuwe waarde, nl. verantwoordelikheid begin. In kort beteken verantwoordelikheid die verpligting om 'n opdrag, taak of plig na die beste van jou vermoë uit te voer en rekenskap te gee vir jou dade en keuses. Dit behels natuurlik ook ander aspekte soos betroubaarheid, om verantwoording te doen vir die gevolge van jou optrede en om eienaarskap te neem sonder om ander te blameer. Dit behels ook 'n aktiewe houding teenoor jou pligte in sowel jou werks- as persoonlike lewe. Baie keer sien jy dat mense hulle omstandighede oor hoekom hulle nie iets kon doen of bereik nie blameer. Ons moet ons kinders leer dat jy nie altyd beheer oor jou omstandighede het nie, maar jy het definitief beheer oor hoe jy optree binne jou omstandighede. Hoe goed jy in die lewe gaan doen en hoe vêr jy gaan vorder gaan van jouself afhang. As jy sit en wag dat iemand anders dit vir jou gaan doen, gaan dit nie gebeur nie. So ons moet ons kinders leer om op te hou om ander mense te blameer en verantwoordelikheid te neem vir hul eie lewens. Ons as ouers moet natuurlik die voorbeeld wees deur ook seker te maak dat ons in ons doen en late en gesprekke sal seker maak dat ons ons verantwoordelikhede sal nakom en nie op iets of iemand anders blameer nie. 'n Eenvoudige manier vir ouers om hulle verantwoordelikheid na te kom is om seker te maak u stuur 'n netjiese, goed-gemanierde kind skool toe, sodat die skool ook sy verantwoordelikheid kan nakom. So kan ons saam aan ons kinders se toekoms werk. Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Opedag vir graad RRR, RR, R en 1 van 2027 – 14 Maart**

Ons Opedag vind op **Saterdag, 14 Maart 2026 vanaf 09:00 – 11:00** plaas. Alle voornemende graad RRR, RR, R en 1 ouers en leerders van 2027 word uitgenooi. Stuur ook asb. vir u vriende en kennisse aan. Aansoeke vir 2027 open op 10 Maart op die WKOD-stelsel.

**2. Pretstap – 21 Maart**

Die OOV is hard aan die werk en organiseer ons jaarlikse Pretstap. Dit vind op Saterdag, 21 Maart plaas. Kyk uit vir die inligting van al die aktiwiteite wat daardie dag beplan word. Ons sien uit om u almal by die Pretstap te sien. Onthou ook om die lootjielyste terug te stuur. Baie dankie vir almal se ondersteuning om van hierdie projek 'n sukses te maak.

**3. Atletiek**

Baie sterkte aan al ons atlete wat hierdie naweek aan die Eden-byeenkoms te Oudtshoorn deelneem. Gee jou 100% en maak jouself en jou skool trots!

100% Parkies

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Wo, 4 Mrt: Swemgala: George-Suid
Vr, 6 Mrt: Wêreldbiddag vir vroue
Rugby: o/13A (Oakdale)
Netbal: o/13A (Langenhoven)
Tennis: Eden-mini
Sa, 7 Mrt: Wes-Kaap Atletiek
Rugby: o/13A (HS Oakdale)
Netbal: o/13A (HS Langenhoven)
Tennis: Eden-mini




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Buitemuurs**

Die somersport is nou verby en ons begin volgende week met ons wintersportprogram. 'n Nuwe buitemuurse rooster is reeds uitgestuur. Raadpleeg die rooster sodat u weet wanneer u kind oefen. Moedig ook asb. u kind aan om aan ten minste een wintersport (rugby, netbal, hokkie) deel te neem. Dit dra baie by tot leerders se fisiese en sosiale ontwikkeling. Die ander aktiwiteite wat deur die jaar plaasvind, bv. skaak gaan ook steeds aan.

**5. Swem**

Die swemmers het hierdie week aan die Holy Cross swemgala deelgeneem en van ons swemmers het goed gevaar teen van die beste swemmers in die streek. Daar is nog een swemgala volgende week by Laerskool George-Suid.

**6. D6-toepassing**

Alle kommunikasie by die skool geskied deur die *D6*-kommunikasiestelsel. Ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. **Daar is nog steeds ouers wat nie op die stelsel geregistreer is nie en dus belangrike inligting misloop.** Ons versoek u om die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* aft e laai sodat u op hoogte van sake kan bly.

NB!

**7. Krieket**

Die volgende spelers is in die SWD-Badgers o/11-spanne ingesluit:

- Adriaan Harmse
- Johan Swanepoel
- Eben Gericke

Die uitslae van die week se wedstryde teen Diaz Primêr was as volg:

- o/13A wen met 9 paaltjies (Avaro Potgieter 53*; Dawid Cilliers 21*).
- o/11A wen met 117 lopies (Johan Swanepoel 59* & 3/10; Dewan Hutten 3/5)

Baie geluk aan hierdie spelers en die spanne wat goed gevaar het.

**8. Tennis**

Uitslae van die wedstryde teen Hartenbos was as volg:

- Dogters: 1ste span en 2de span verloor
- Seuns: 1ste span en 2de span verloor

Hiermee is die tennis vir die kwartaal afgehandel.

**9. Personeelverjaardae**




Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 6 Maart: Chantelle van Zyl

Mag u 'n geseënde jaar beleef.

**10. Lojaliteitsprogramme**

Ons is baie dankbaar vir alle besighede en instansies wat die skool ondersteun. *Astron Energy D'Almeida* en *Kwanonqaba Apteek* is twee van hierdie besighede wat ook lojaliteitsprogramme geloods het waarby die skool voordeel trek wanneer u van hul dienste gebruik maak. Ondersteun hulle gerus en maak so 'n bydrae tot die skool. (Sien hul advertensies onderaan)

**11. Skoolfonds vir 2026**

Maak asb. seker dat skoolfonds tot einde Februarie betaal is. Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal.


Verantwoordelikheid begin by jou!
PARK
VOLHARD - PERSEVERE
Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts
toegewyd
stiptelik
Wat ook al jy besluit om te doen, wees seker jy is trots daarop.
~Walt Disney ~
100% Parkie
WEES WAARDE WENNERS
VERANTWOORDELIKHEID


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar

NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

# BE SPEC-TACULARLY YOU!



19 RYK TULBACH STR, DA NOVA, MOSSEL BAY

WHATSAPP **066 562 6754** OR PHONE **044 695 1688**



# M-ORTGAGE.COM

# Property Finance

## Best Rate & Deal

## WORLDWIDE



- First-time home buyers
- Building a profitable property portfolio
- Building Loans
- Families upgrading their homes
- Clients looking to refinance
- Salaried and self-employed applicants
- South Africans living / working abroad



See why South Africans trust us.
Results speak louder than words.

www.m-ortgage.com    info@m-ortgage.com    065 827 8898

# Loyalty program @ KwaNonqaba Pharmacy

## Why Choose us:

We handle your chronic authorizations
All medical schemes accepted
**Free and convenient delivery services**
Wellness programs
A loyalty program that gives back to your community

## The Loyalty Program:

Earn points on your purchases
Donate points to a school of your choice
Support education while shopping

alpha pharmacies

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

### Full range of services include:

- Health Screens
- Medical Aid Wellness Screens
- Family Planning
- Baby Clinic
- Vaccinations

### Front Shop Offerings:

- Pharmacy essentials
- Vitamins and minerals
- First aid
- Medical appliances
- Gifts
- Body and beauty
- Studex earrings
- Essence beauty make-up range

**info@kwanonqaba.co.za**

**2 Mooney Street, KwaNonqaba**

**074 612 8909**

**044 693 1490**


BRAAIHOUT
Mosselbaai
BRAAIHOUT MOSSELBAAI
EST 2014
NOU BRAAI ONS
Jou NR.1 STOP vir kwaliteit vuurmaakhout !
Spidergum hout
!!!60% BETER AS ROOIPITJIE EN 80% BETER AS WATTLE!!!
Bakkievrag van 16 streepsakke vir slegs R1440
DROË HOUT GEWAARBORG!!
(Ons waarborg jou geld terug)
Beste hout in die BAAI !!
Kontak
Lulu: 071 835 0864
MosselBaai, DanaBaai, Hartenbos, Kleinbrak, Grootbrak

ASTRON ENERGY
QUARTECH

# D'Almeida Service Station

## LAERSKOOL PARK
### LOYALTY CARD PROGRAM

**Points are pointless,**
**CASH IS KING**

# HOW IT WORKS

- Once you have your loyalty card in hand, activating it is effortless.
- Scan the QR code provided on the card to access the sign-up link.
- Enter your basic details and set up your account in moments—no paperwork, no hassle.
- As soon as you're registered, your loyalty card is live, and you can start collecting rewards with every transaction.
- Use your loyalty rewards to make purchases in store or at the pumps.

**Enjoy 10c per litre** cash back on fuel **while your school earns** another 10c per litre.

and

Earn **2.5% cash back** in-store and **we'll match it** with 2.5% for your school.




ASTRON ENERGY
D'ALMEIDA

044 693 1997

13 Mossel Street, D'Almeida, Mossel Bay
(Behind Builder's Home)


ReACTIVate
RETRO ACTIVITIES AND EATERY
Book your Experience
Play Sessions and kids party bookings
ACTIVATE
R3 500
2 hours play time
Up to 10 children
Supervised play area
Basic decorations
Party Packs Included
ELEVATE
R4 300
2 hours play time
Up to 10 children
Supervised play area
Premium decorations
Party Packs Included
Kids meal & drinks
DOMINATE
R5 300
2 hours play time
Up to 10 children
Supervised play area
Deluxe decorations
Party Packs Included
Kids meal & drinks
Birthday cake
MOST POPULAR
CONTACT NO.
+27 79 697 2457
WEBSITE
www.reactivate-retro.co.za